IMPAK ONDERWYSDIENS BK
Reg. nr.: CK2005/041089/23
Straatadres: Rivierweg 139, Lyttelton, 0157
Posadres: Posbus 15132, Lyttelton, 0140, SA.
Tel.: +27 (0) 12 664 8552 / 082 561 0131
Faks: +27 (0) 12 664 2618 / 2318 of 086 641 6407
E-pos: bestuurder@impakonderwys.co.za
Webblad: www.impakonderwys.co.za

Nuusbrief 3/2010

April 2010

Geagte Kliënte

Die perd het weer ‘n ruiter in die saal

Die jaar 2010 sal onthou word as een van Impak se uitdagendste jare nog. Die jaar het katastrofies afgeskop met al die probleme wat ontstaan het nadat die drukwerk, verpakking en pos vir 2010 nie soos beplan kon realiseer nie (vorige nuusbriewe vertel die storie). Ons moes ons beplanning, sowel as die aanwending van fondse en personeel ingrypend wysig om die krisis wat ontstaan het, te bestuur. Dit was al asof die ruiter uit die saal geval het en die perd wild oor die vlakte op loop gegaan het.

Dit is nou einde April en ons is nou eers in die posisie om te verklaar dat die agterstande uitgewis is, die krisisse bestuur is en dat die Impak-perd weer ‘n ruiter in die saal het Ons het duur lesse geleer en sal nie dieselfde foute herhaal nie. Ek wil graag weer my opregte verskoning aanbied omdat ons u in vele opsigte teleurgestel het. Hoewel Impak u bondgenoot in tuisonderwys wil wees, het Impak in die afgelope drie maande beleef dat sy kliënte wonderlike en lojale bondgenote is wat bereid is om te verduur en te verdra. Dankie liewe ouers en kinders en sentrumpersoneel dat u ons in die gebed en deur die beoefening van baie geduld deurgedra het. Baie dankie aan hulpsentrums soos Zancolzel, 3D en Alberton wat op onbaatsugtige wyse ingespring en ons kom help het!

Die aanvangskrisisse het soveel van ons, die eienaars en topbestuur, se aandag geverg dat ons fokus verloor het ten opsigte van die randaktiwiteite. Ons was te onbetrokke by die avontuurkamp en ander sosialiseringsgeleenthede. Indien ons, soos oorspronklik beplan, die nodige aandag aan die randaktiwiteite kon afstaan, sou daar nog groter suksesse, sonder enige kontroversie, met die kampe en aktiwiteite behaal kon word. Die lesse wat ons op ‘n harde manier moes leer is:

- om vir die onvoorsiene te beplan, sodat ons Impak- perd nooit weer só op loop kan gaan nie;
- om beheer te neem oor ons kampe en aktiwiteite en dit nooit aan buite-instansies alleen oor te laat om na Impak se belange om te sien nie; en
- om in die vervolg Impak- en Delta-kampe en aktiwiteite afsonderlik aan te bied.

Kongres vervang met ‘n ouerinligtingsdag

Die Noordelike kongres wat in Pretoria sou plaasvind, is sedert November verlede jaar geadverteer. Slegs 26 ouers (siele) het teen die finale sluitingsdatum aangedui dat hulle die kongres sou bywoon. ‘n Kongres waarby buite-instansies en professionele sprekers betrek word, kan nie vir net 26 siele aangebied word nie. Nog minder kan ‘n groot kampterrein, soos die Woord in Aksie-terrein ten duurste gehuur word vir net 26 siele. Voorts kan Impak se personeel nie van die kantoor onttrek word om 26 siele by die kongres te bedien, terwyl daar daagliks 60 kliënte by die voordeur instap en meer as 500 inbel nie.

Beteken dit dat die 26 wat wel die kongres wou bywoon se belange verontagsaam word? Nee beslis nie! Dit is Impak se erns om te verseker dat daar na dié 26 se belange omgesien word.

Ons het besluit om die kongres met ‘n ouerinligtingsdag te vervang. Die ouerinligtingsdag verskil van die kongres in dié opsig dat dit oor slegs een dag strek, gratis is en deur Impak se eie personeel aangebied word.

Die ouerinligtingsdag word D.V. op Saterdag **29 Mei** aangebied.
Plek: Impak se kantoor te Rivierweg 139, Lyttelton
Aanvangstyd: 09:00
Afsluiting: 17:00
Koste: Gratis
Etes en verversings: Tee, koffie, koeldrank, worsbroodjies, ensovoorts sal op die terrein te koop wees.

Tydens die ouerinligtingsdag

- word u probleme bespreek en u vrae beantwoord;
- bied mnr. Leendert van Oostrum professionele opleiding ten opsigte van tuisonderwys aan, asook wenke hoe ouers hul kinders kan help om hulself te help.

Aangesien die ouerinligtingsdag op Impak se perseel plaasvind, is ruimte ‘n kwessie en kan daar nie op dié dag ‘n afsonderlike program vir die kinders aangebied word nie.

Gee foute en flaters gif
Dr. Hennah Larkins staan aan die hoof van Impak se produkontwikkelingspan. Die produkontwikkelingspan bestaan uit Vakhoofde/moderators (ou dae genoem inspekteurs) vakskrywers, proeflesers, vertalers en grafiese personeel. Dr. Hennah en haar span fynkam tans Impak se lesse om van swak werk, foute en flaters ontslae te raak.

Ons verwelkom graag vir dr Martin Human as die nuwe koördineerder van die vakouteurs wat vir tegniese vakke, wiskunde en wetenskapverwante vakke verantwoordelik is. U is welkom om Maandae en Dinsdae tussen 10:00 en 15:00 alle vakverwante navrae aan dr Human te rig. Indien dit nie vir u moontlik is om vir dr Human in hierdie tydgleuf te skakel nie, sal ‘n Impak-skakelbeampte u navraag so goed moontlik hanteer, of ‘n boodskap vir dr Human se aandag neem. Dr Human beskik oor ‘n professionele span modereerders, proeflesers en vertalers wat tans deur die tegniese vakke werk, ten einde swak vertalings wat in die verlede voorgekom het, die hoof te bied. Self is hy die outeur van baie boeke wat tans nog deur die tegniese leerlinge gebruik word, en hy is dus die aangewese persoon om u met raad en daad by te staan.

Die Impak-span het u samewerking nodig om te bepaal waar die grootste leemtes in die studiemateriaal is. Hierby aangeheg vind u ‘n vraelys wat u asseblief so volledig moontlik moet beantwoord en wat ons in staat sal stel om ons produk te verbeter en te verfyn.Deur hierdie vraelys te voltooi en aan dr. Hennah terug te besorg, gaan u die span help om die leemtes en tekortkominge vinniger op te spoor en reg te stel.

Vat vaksteundiens vas
Soos reeds genoem, moet Impak beheer oor die sake kry waarvoor Impak verantwoordelik is. Een van die belangrike dienste wat Impak aanbied, is ‘n vaksteundiens. Daar is meer as 50 vakskrywers wat tot nou toe ook as vakadviseurs opgetree het en dus die vaksteundiens moes lewer. Die meeste van hierdie mense staan egter in voltydse betrekkings by ander instansies. Die tyd en aandag wat aan vaksteun afgestaan kan word, is wisselvallig en skep ongelukkigheid by ons kliënte.

Ten einde die situasie reg te stel het ons oorhoofse Vakhoofde aangestel wat voortaan as vak moderators/inspekteurs sal omsien na die gehalte van die werk wat die vakskrywers indien en wat vanuit die kantoor, ook ‘n vaksteundiens aan u sal lewer.
Hierdie onderstaande lys gaan D.V. in die volgende nuusbrief met die byvoeging van nog name uitgebrei word.

Dr. Hennah Larkins	Afrikaans Eerste Taal	Maandae tot Donderdae 10:00 tot 15:00	012 664 8552 vra die sentrale om u na Vaksteundienste deur te skakel

Dr. Martin Human	Wiskunde Fisiese Wetenskap Meganiese Tegnologie Siviele Tegnologie Elektriese Tegnologie	Maandae en Dinsdae: 10:00 tot 15:00	012 664 8552 vra die sentrale om u na Vaksteundienste deur te skakel
Mnr.Jozwa Schreuder	Ingenieursgrafika en Ontwerp	Woensdae: 10:00 tot 16:00	012 664 8552 vra die sentrale om u na Vaksteundienste deur te skakel
Mev. Hanlie Bothes	RTT Wiskundige Geletterdheid	Maandae tot Donderdae: 10:00 tot 15:00	012 664 8552 vra die sentrale om u na Vaksteundienste deur te skakel

U kan steeds die vakskrywers skakel, maar as u probleme ondervind, kan u hierdie paneel van Vakhoofde tydens die aangegewe kontaktye skakel.

Ons wil die vertroue uitspreek dat u ‘n radikale keerpunt in die kwaliteit van ons produk en ons dienslewering sal ervaar en ons wens vir u ‘n verrykende en ‘n bevredigende verbintenis met Impak Onderwysdiens toe.

Swak dienslewering moet end kry!
Vanaf 1 Mei word voltydse skakelbeamptes vir elke Afdeling in Impak aangestel. Wanneer u telefonies inskakel sal die persoon by die sentrale vra wat u behoefte is en u dan deurskakel na ‘n skakelbeampte in ‘n betrokke afdeling om u behulpsaam te wees. Neem asseblief die skakelbeampte se naam en skryf ook die datum van u oproep neer asook die rede waarom u skakel. Maak seker dat u navraag of versoek na behore hanteer word. Indien die skakelbeampte beloof om terug te skakel, teken die belofte aan. Indien die skakelbeamptes nie goeie diens lewer nie of versuim om na u terug te kom sal ek dit waardeer indien u my dadelik per e-pos of faks van hul versuim verwittig. U kan my per e-pos bereik by: pieter@ impakonderwys.co.za en per faks by: 086 556 7262

Rekeninge
Die finansiële afdeling is in die proses om rekeninge uit te stuur. Indien u rekords van betaling van ons rekords verskil kan u die saak dadelik met ons finansiële afdeling uitklaar.

Uitstuur van die vraestelle vir die Junie eksamen
Ons is op skedule met die opstel en afronding van vraestelle vir die Junie eksamen. Die versending van die vraestelle sal op skedule volgens die jaarprogram geskied. Tesame met die vraestelle gaan u ook ‘n puntestaat ontvang wat u volgens die meegaande instruksies moet voltooi en aan ons Assesseringsafdeling moet stuur. Rapporte kan slegs saamgestel word indien u die korrek voltooide puntestate aan ons terug besorg.

Is Impak geregistreer?
Impak is ’n wettige geregistreerde beslote korporasie wat ’n besigheid mag bedryf.
Impak is nie by die departement van Onderwys of by Umalusi geregistreer nie aangesien ’n produk en diensverskaffer aan die tuisskool mark nie by die instansies geregistreer hoef te wees nie. Impak wil ook nie by die instansies registreer nie aangesien so ’n registrasie Impak kan verplig om die Nasionale Kurrikulum slaafs na te volg. Impak verkies om onafhanklik te bly.

Impak is wel by die Onafhanklike Afrikaanse Eksamenraad (OAER) geregistreer vir die aflegging van Umalusi se Nasionale Senior Sertifikaat eksamen.

Is tuisonderwys wettig?
Die grondwet en die onderwyswet beskerm u kind se reg om tuis onderrig te word. Die Pestalozzi Trust van mnr. Leendert van Oostrum is u en u kind se regsfonds wat u kind se

juridiese reg tot tuisonderwys beskerm. As Impak kliënt word u regte outomaties en gratis deur die Pestalozzi Trust verdedig.

Die staat kan nie tuisonderwys in die ban doen sonder om die handves van menseregte en daardeur die grondwet by die venster uit te smyt nie. Hulle kan probeer, maar ons sal, saam met die Pestalozzi Trust , dit nie maklik maak vir die owerhede nie.

Bly op u knieë, vertrou God en gaan rustig voort om onbevrees u kind tuis te leer.

Vriendelike groete

Pieter Botha
Eienaar

VRAELYS:
Faks aan: 0865567262
e-pos terug aan: pieter @impakonderwys.co.za

Naam: _____

Datum:_____

Kontakbesonderhede: _____

_____

_____

Dui asseblief aan vir watter vakke u kind ingeskryf is en spreek u mening oor die betrokke produk uit deur aan te dui of u die produk as uitstekend, gemiddeld of swak beskou. Motiveer u keuse asseblief in die kommentaarblokkie.

Baie dankie vir u samewerking.

Vakke	**Graad**	**Uit-stekend**	**Ge-middeld**	**Swak**	**Kommentaar**